Aldesdon Properties (Pty) Ltd and shown on a sketch plan, copies of which have been filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Johannesburg, under RMT No. R27/80.

(19/5/1/429)

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1067 22 May 1981

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

WITHDRAWAL OF GOVERNMENT NOTICE 2021 OF 10 SEPTEMBER 1972

By virtue of the powers vested in me by section 10 (2) (b) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby withdraw in its entirety Government Notice 2021 of 10 September 1972. 10/2/269.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

No. 1068 22 May 1981

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE PINES IN PARKTOWN, JOHANNESBURG

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare Lot 620, Parktown, Johannesburg, with the dwelling-house known as The Pines thereon, to be a national monument.

*Description*

The property known as Freehold Lot 620, with the dwelling-house known as The Pines thereon, situate in the Township of Parktown, District of Johannesburg, measuring 4 983 (four thousand nine hundred and eighty-three) square metres.

Deed of Transfer F2198/1973, dated 13 February 1973 (paragraph 2).

*Historical and architectural interest*

The Pines was designed by J. C. Watson and completed in 1906 for the firm of Fraser & Chalmers Ltd, to accommodate the firm's general manager, W. E. Park. Architecturally this dwelling-house is a good example of a Johannesburg Edwardian edifice designed with uninhibited confidence, in so far as it displays many bold and violent contrasts. As such it makes an important contribution to the unique architectural character of Parktown. 10/2/843.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

No. R27/80 in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die Kantoor van die Mynkommissaris, Johannesburg, bewaar word, kragtens artikel 184 van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), vir die doel van 'n dorp uitgehou.

(19/5/1/429)

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1067 22 Mei 1981

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING 2021 VAN 10 SEPTEMBER 1972

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (2) (b) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), trek ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Goewermentskennisgewing 2021 van 10 September 1972 in sy geheel in. 10/2/269.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1068 22 Mei 1981

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN THE PINES IN PARKTOWN, JOHANNESBURG

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Perseel 620, Parktown, Johannesburg, met die woonhuis bekend as The Pines daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom bekend as Vrypagperseel 620, met die woonhuis bekend as The Pines daarop, geleë in die dorpsgebied Parktown, distrik Johannesburg, groot 4 983 (vierduisend negehonderd drie-en-tagtig) vierkante meter.

Transportakte F2198/1973, gedateer 13 Februarie 1973 (paragraaf 2).

*Historiese en argitektoniese belang*

The Pines is deur J. C. Watson ontwerp en in 1906 vir die firma Fraser & Chalmers Ltd. voltooi om die firma se algemene bestuurder, W. E. Park, te huisves. Boukundig is hierdie woonhuis 'n goeie voorbeeld van 'n Johannesburgse Eduardiaanse bouwerk wat met ongebonde selfversekering ontwerp is in sover dit baie sterk en felle kontraste vertoon. As sodanig lewer dit 'n belangrike bydrae tot Parktown se unieke argitektoniese karakter. 10/2/843.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.